



Beste kliënte,

Dit is weer my voorreg om 'n paar woorde te wissel deur middel van ons kwartaalbrief. Terwyl die dae nou korter en kouer word, dink ek dit is nodig om aan nog 'n soort koue te dink – die "goue jare" wat al te dikwels die "koue jare" word.

'n Mens word daagliks gebombardeer oor spaar vir aftrede (of liever die gebrek aan spaar), maar helaas val die oproepe steeds op dowe ore!

Ek is die afgelope tyd met verskeie situasies gekonfronteer waar ouer mense my kom sien het omdat hulle nie finansiële die mas kan opkom nie. Inflasie en onvoldoende voorsiening vir aftrede is van die hooforsaake vir hierdie penarie. (Lees gerus die aangehegte artikel oor die Toebie-generasie deur Hanlie Stadler van MuntSlim).

Die magtelose gevoel omdat daar eintlik niks is wat aan die treurige situasie gedoen kan word nie, spoel oor in frustrasie omdat dit onmoontlik lyk om die erns van die saak

by dië tuis te bring wat nog 'n plan kan maak!

Daarom weereens die pleitdooi aan almal wat nog oppad is na die "goue jare" – kry die volgende in plek :

- 'n Realistiese aftreeplan – onthou, jy leef dalk langer as wat jou geld hou !
- 'n Begroting met duidelike opofferings om te kan spaar.
- 'n Uitredings-annuïteit met 'n beduidende premie, 16% plus van jou inkomste. (Pensioenfondse-bydraes is gewoonlik 7½ %).

Hoeveel moet jy wegsit ?	
As jy begin spaar op:	%
25	16 – 21 %
30	22 – 27 %
35	30 – 35 %
40	41 – 47 %
45	58 – 65 %

- 'n Aftree-kalender – sodat jy weet hoeveel keer jy nog 'n salaris gaan kry! (40 jaar se werk = 480 salarisse).
- Die onwrikbare voorneme om nooit, ooit jou pensioengeld te onttrek as jy van werk verander nie. ('n Mooi nuwe motor nou vergelyk sleg teen 'n aftrede sonder geld!)

Geniet die wintermaande voor die kaggel met 'n koppie stomende boontjiesop, maar kom sien ons voor die lente sodat ons saam 'n plan kan maak vir aftree-blomme.

Ons wag vir jou oproep – NOU is die beste tyd!

Groetnis tot volgende keer.

Annekie Kern



Annekie Kern

082 530 9229

annekie@mybrokers.co.za

Ons spesialiseer in:

- Testamente en boedelbeplanning
- Aftredebeplanning (aftreeannuïteite en pensioenfondse)
- Na-aftrede beplanning (lyfrente en lewende-annuïteite)
- Beleggingbeplanning
- Langtermyn versekeringsdekking (lewensdekking, ongeskiktheidsdekking, traumadekking)
- Inkomstebeskerming
- Mediese fondse

Toebie-generasie: 'n Krisis is aan die broei

Deur Hanlie Stadler

MuntSlim met Netwerk24 het die afgelope weke peilings onder lesers gedoen om uit te vind wat die omvang van die “toebroodjie-generasie” is. Dis mense wat hul eie huisgesin versorg, maar ook bejaarde ouers finansiële ondersteun.

Onvoldoende finansiële beplanning is die enkele grootste rede waarom baie bejaarde ouers nie vandag finansiële selfstandig is nie.

Dit staan soos 'n paal bo die water uit in die peilings, waaraan 324 volwasse kinders en 66 pensioentrekkers deelgeneem het. (Die peilings, wat via die webwerf SurveyMonkey gedoen is, is heeltemal naamloos gedoen.)

Waar daar beplan is, is gewerk met ontoereikende aannames. Inflasie – “lewenskoste styg letterlik elke kwartaal” – is heeltemal onderskat. “Koste het veel meer gestyg as wat ooit bereken was.”


Daarby is ook onderskat hoe lank die huidige generasie pensioentrekkers sou leef.

Dit blyk ook uit antwoorde dat niemand meer net op 'n pensioen (hetsy van 'n vastevoordeel-fonds of die belegging van pensioenfondsgeld in lewende of lewensannuïteite) kan staatmaak nie. “'n Pensioen is net nie genoeg nie.”

Die groot vraag ontstaan: Gaan die dingesmeerde botter – die volwasse kinders – tussen die twee snye brood – kinders en volwasse ouers – dié lesse, wat hulle nou ten duurste by hul ouers leer, ter harte neem?

Word beter finansiële beplanning gedoen en maak mense voorsiening vir ander inkomste in aftrede, benewens hul pensioenfondse?

Of nader nog 'n generasie aftreeouderdom wat



eindelik op hul kinders vir finansiële steun sal moet staatmaak?

'n Moeilike gesprek

In die meerderheid gevalle het kinders en ouers al openlik oor geldsake gepraat.

Soos met alle probleme is dit die beste om openlik daarvoor te wees. As families nie weet hoe groot die nood is nie, hoe kan hulle met geskikte oplossings vorendag kom?

Daar is egter 'n aanduiding dat die gesprekke veels te laat geskied – wanneer ouers reeds in die nood is. “Ek dink hulle het (toe ek jonger was) reeds swaar gekry, maar ek het dit baie jare later eers besef. Ek verwyt myself dat ek nie lank terug gesien het hulle het hulp nodig nie.”

Daar is ook aanduidings dat ouers en kinders verskillende sienings het oor sowel die oorsaak as die impak van die probleem.

Hoe steun gegee word

Baie van die mense wat vir hul ouers elke maand 'n vaste bedrag gee, sê hul ouers kan só self besluit hoe dit aangewend moet word. Dit help ouers 'n mate van “onafhanklikheid en menswaardigheid” behou.



Invest in your future, visit our website:
www.mybrokers.co.za

Find us on Facebook: www.facebook.com/mymakelaars



Ander betaal eerder uitgawes soos dit opduik en verkies om self 'n mate van keuse en beheer te hê oor wat betaal word.

In sommige gevalle is ouers, of die een oorlewende ouer, heeltemal afhanklik van hul kinders. "Ek sorg en betaal vir alles. Albei my ouers kry net 'n staatspensioen; ek is die enigste kind."

In ander gevalle dra kinders finansiële byblyt omdat hulle wil. "Ons wil net help, al het hulle dit nie werklik nodig nie." 'n Ouer sê: "Ek kan sonder ondersteuning oorleef, maar my seun wil graag gee omdat ek as weduwee al sy studies tot by LLM self betaal het."

Heelwat families maak 'n praktiese plan met huisvesting. Soms trek ouers by hul kinders in, of in sommige gevalle trek volwasse kinders by hul ouers in en betaal huur en ander uitgawes.

"Hulle het ons huis gekoop as 'n belegging en ons kan hier bly solank ons kan. Ons betaal water, krag en erfbelasting," sê een ouer.

Sommige mense merk op dat hul ouers groot uitgawes kan dek soos verblyf of mediese premies, maar dan nie geld het vir kruideniersware, munisipale dienste, krag of foonrekening nie.

Sommige mense moet hul bejaarde ouers help om skuld te betaal. Dit is ver van die ideaal om met aftrede nog skuld te moet delg.

Hulp met onvoorsiene uitgawes, tesame met herstelwerk aan motors, huise en huishoudelike toestelle blyk ook algemeen te wees.

Klein en groot luukses maak plek-plek deel uit van die steun. Een respondent sê sy betaal sodat haar ma weekliks haar hare kan laat doen. Heelwat mense betaal vir hul ouers se betaaltelevisie, koerantintekening en die versorging van troeteldiere; enkeles dra by tot vakansies.

Waar die blaam lê

Die rede wat die meeste kinders sowel as ouers gee waarom die bejaardes nie finansiële onafhanklik is nie, is dat finansiële beplanning nie na wense was nie. Dis egter opmerklik dat méér kinders (63%) dit as 'n rede gee as ouers (50%).

Ouers is meer geneig om te sê 'n "groot ramp", soos 'n ongeluk, aflegging, ernstige siekte of misdaad, het hul geldsake omver gegooi. Net 29% van kinders reken dis een van die redes vir hul ouers se probleme, terwyl 45% van ouers reken dit is.

Dié antwoorde beteken dat kinders meer krities na hul ouers se geldsake kyk, en wys hoe moeilik dit vir ouers is om self verantwoordelikheid te aanvaar vir hul probleme.

Vyf kinders sê hul ouers is Transnet-pensioentrekkers, wat jaarliks slegs 'n 2%-verhoging kry. "Dit het my ouers verarm. Hulle sal lankal dood wees teen die tyd dat die klasaksie-hofgeding afgehandel is."


Bejaarde vroue blyk veral baie kwesbaar te wees: "My man is dood en het nie beplan nie." "Ek is met niks gelaat ná my egskeiding."

Benewens "ondeurdaagte besluite" en "swak beleggings", verwys


Die toebroodjie-generasie: Sô help kinders hul ouers



Het jy en jou ouers al 'n gesprek oor hul geldsake gehad?



Het jy en jou volwasse kinders al 'n gesprek oor jou geldsake gehad?



As jy jou ouers finansiële ondersteun, hoe doen jy dit?

49% Ek gee vir hulle 'n vaste bedrag per maand.




43% Ek gee nie vir hulle geld nie, maar betaal sekere uitgawes.

8% Ek gee vir hulle geld soos wat ek kan.

As jou kinders jou finansiële ondersteun, hoe doen hulle dit?

34% Hulle gee vir my 'n vaste bedrag per maand.



24% Hulle gee nie vir my geld nie, maar betaal sekere uitgawes.

42% Hulle help waar hulle kan.

enkeles na dobbel en vermorsing. "My pa is 'n verkwister; hy sal binne 'n week duisende rande bestee tot almal om hom se nadeel."

Boere het blykbaar 'n unieke probleem: "My pa is 'n boer en het altyd gereken dat die plaas by aftrede vir hom sou sorg. Nou's my broer op die plaas (met sy eie gesin) en die boerdery kan eenvoudig nie vir twee families sorg nie!"

Nog hieroor: "My pa kan nie die plaas verkoop en afskaal nie. Daar is nie goeie kopers vir plase nie en plase se waarde het verminder."

Een respondent se ouers het hul aftreegeld in Masterbond verloor.

Die impak

57% van kinders antwoord ja as hulle gevra word of hul steun aan hul ouers hul leefstyl en hul vermoë om vir hul eie aftrede te spaar,

beïnvloed. Ouers voel egter presies die teenoorgestelde - 59% sê hul kinders is nie onder druk nie en 53% sê hul kinders se vermoë om vir hul eie aftrede te bespaar, word nie geraak nie.

Hier is duidelik ruimte vir misverstande wat dalk met 'n openhartige gesprek uit die weg geruim kan word. (Selfs indien ons in ag neem dat dit nie ouers en kinders uit dieselfde families wat so antwoord nie, is dit beslis 'n beduidende verskil in siening.)


Bron van spanning

Volwasse kinders is in die meeste gevalle maar te gewillig om hul ouers finansiële te ondersteun. Terselfdertyd is hulle egter diep bekommerd oor die druk wat dit op hul eie geldsake veroorsaak.

“Al is dit 'n voorreg, raak ek soms baie depressief en opstandig omdat ek voel my lewe glik onder my uit.”

Die meeste bejaardes is nie trots daarop dat hulle hulp benodig nie, behalwe in die sin dat hulle trots is op hul kinders. “Ons is trots en dankbaar, want hulle het met die voorstel gekom.”

Een bejaarde verwoord haar skaamheid só: “Ek is geweldig dankbaar daarvoor, maar ek voel verneder dat ek nie die mas opkom nie.”



Die finansiële druk om sowel bejaarde ouers as hul eie gesin te versorg, eis 'n groot emosionele tol van baie mense.

Dis 'n bron van spanning binne huwelike, veral wanneer daar 'n gevoel is dat skoonouers die situasie “misbruik”.

Dit bring ook spanning tussen broers en susters mee wanneer nie almal finansiële ewe veel bydra nie. “Hulle voel nie dis hul plig nie of kan dit kamstig nie bekostig nie, want dit maak inbreuk op hul lewenstyl,” sê die enigste uit drie kinders wat die ouers help.

“Dit gee aanleiding tot twis in die familie.”

Baie kinders voel skuldig: “Ek is dankbaar ek kan help, maar dit is ten koste van myself, wat my laat skuldig voel.”

Die meeste van die bejaardes ervaar 'n positiewe gesindheid: “Hulle doen dit omdat hulle baie lief vir ons is.”

Hulp nie in geld gemeet

In sommige gevalle is ouers sieklik of baie oud of woon hulle ver en kan hulle nie veel doen om hul kinders op nie finansiële maniere by te staan nie.

Daar is 'n groot verskil in die persepsie van hoeveel ouers vir hul kinders doen, en hoeveel kinders voel hul ouers doen. 78% van die ouers sê hulle help hul kinders op nie finansiële maniere, terwyl net 53% van die kinders sê hul ouers help hulle.

Die soort hulp wat ouers verskaf, wissel van hulp met 'n boerdery, huis skoonmaak, wasgoed was, instandhouding by die huis, administratiewe take en kosmaak tot troeteldiere oppas.

Een bejaarde beskryf haarself as “die huishulp” vir haar kinders.

“My ma is lief vir tuinwerk en doen die meeste take in die tuin,” sê een respondente. Een ouer hou 'n klein groentetuin in stand.

In die meerderheid gevalle bestaan die hulp uit die oppas of rondry van kleinkinders. Baie grootouers gaan haal hul kleinkinders by die skool of neem hulle na buitemuurse aktiwiteite terwyl hul ouers werk.

“My ouers doen take in die huis en rondrytake, wat baie help met tydsbeplanning in my lewe.”

“My ma is my hele lewe. Sonder haar kan ek nie funksioneer nie.”

Een bejaarde respondente sê: “Ja, ons ondersteun hulle met raad, morele en geestelike onderskraging.”

Enkele bejaardes het vakansie-eiendom wat hulle gratis aan hul kinders beskikbaar stel.

Op jou voete gehelp

Die oorgrote meerderheid mense wie se ouers van hulle afhanklik is, het self finansiële steun ontvang nadat hulle reeds self begin werk het. Studies, troues en hul eerste motor is die drie groot uitgawes wat die meeste mense sê ouers het betaal.

“Dis terugbetaaltyd! Hulle het ons in ’n gesonde finansiële posisie geplaas en ’n behoorlike opvoeding gegee.”

Een respondent sê haar pa het wel haar troue betaal, maar die mediese uitgawes wat sy nou moet aangaan, beloop nou al 14 keer méér.

Enkele mense sê die steun is gegee in die vorm van lenings wat hulle intussen terugbetaal het.

Sommige kinders het nadat hulle begin werk het, steeds teen mini-male huur of verniet by hul ouers gewoon.

Een ouer sê hy het borg geteken vir ál sewe sy kinders toe hulle hul eerste motor gekoop het. “Ek moes nooit een keer instaan nie,” spog hy.

Hulp met ’n onderneming word ’n paar keer genoem.

“Ek het my dogters ingeneem by my huis toe hulle deur gebroke verhoudings dakloos gelaat is,” sê een respondent.

Om nié hulp te kry nie, was nie die einde van die wêreld nie. Een respondent skryf: “My ouers het net sakgeld gegee terwyl ek op universiteit was. Ek moes al my studies met skuld self betaal. Dit was my grootste voorreg vir my toekomstige finansiële bestuur.”

Nog een sê: “My ouers het my die waarde van geld en harde werk geleer.”

’n Moontlike verskil


Een van die vrae waarom volwasse kinders en hul bejaarde ouers die meeste verskil, is of die ouers finansiële onafhanklik sou wees indien hulle nié hul kinders met studies en ander uitgawes gehelp het nie.

Altesame 84% van kinders sê “nee”; daarteenoor sê 59% van ouers “nee”.

Die kinders wat “ja” of “miskien” antwoord, is net 16% van die respondente. Dit is ’n volle 41% van die bejaarde ouers.

Dus: meer van die ouers as van die kinders dink dat die bejaardes finansiële selfstandig sou gewees het indien hulle nié soveel steun aan hul volwasse kinders gegee het nie.

BRON : http://www.netwerk24.com/Sake/Muntslim/Geldsake/toebie-generasie-n-krisis-is-aan-die-broei-20170520?utm_source=everlytic&utm_campaign=may&utm_medium=email&utm_content=sakegesprek_20170524



Invest in your future, visit our website:
www.mybrokers.co.za